**Dinsdag 19 Desember**
**Skrifgedeelte: Matteus 21:1-11**
**Fokusgedeelte: Matteus 21:5**
**Jesus op ’n esel se rug getuig: Hy is ons nederige oorwinnaar-Koning!**

Hoe besonder is Jesus se intog in Jerusalem nie, wanneer die Skrif en die natuur saam uitroep: Israel, jou Koning is hier! Ongeveer vyf eeue vroëer het Sagaria reeds voorspel: “Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en ’n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op ’n esel – op ’n jong esel, die vul van ’n eselin” (Sag. 9:9). Om die volk te laat verstaan dat Hy die lank beloofde Messias is, ry die Here presies soos deur Sagaria voorspel in Jerusalem in op ’n esel! Elkeen wat die Skrif ken, sou dus in hierdie gebeure hulle Koning en Messias kon herken.

Maar hoeveel meer leer Jesus op die esel se rug ons nie van sy koningskap nie? Hy wys vir ons sy nederigheid en diens wat Hy aan die kruis gaan volbring. Hy wys dat sy toekomstige heerskappy nie een van geweld gaan wees nie, maar een van vrede en in sagtheid. En so lei die skare onwetend hulle Vredeskoning in Jerusalem in!

Hoe anders egter is die vrede wat Jesus bring as wat hulle gehoop het? Hulle verwagting was dat Hy hulle van die Romeinse oorheersing sal bevry. Hulle soek verlossing van die Fariseërs se wettisisme. Maar Hy bring veel meer, want sy vrede strek oor alle nasies heen. Hy bring ’n ewige vrede wat ons vry maak van die sonde en van alle vorme van gebrokenheid, lyding en agteruitgang. Hy bring dit wanneer Hy God se straf oor ons sonde dra en ons so met God versoen. Maar Hy bring dit ook deur die dood te oorwin en so die pad van die lewe te baan.

Kom ons dank God vir hierdie vrede wat ons Koning Jesus Christus gebring het. Kom ons prys Hom daarvoor terwyl ons verlang na die dag wanneer ons Koning finaal kom om ons in sy ewige heerlikheid te bring.

*Sing: Psalm 45-1:1, 2, 16*
*Ds. PR Gouws (Retief) (Dendron/Magalakwin)*